Deuteronómium *in die* Nuwe Testament

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie: *Matthéüs 4:1–11 en 8:3, Handelinge 10:34, Galásiërs 3:1–14, Handelinge 7:37, Hebreërs 10:28–31.*

Geheueteks: **“ ‘Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan’ ”** *(Matthéüs 4:4)*.

Die Nuwe Testament is met die Ou Testament deurtrek. Dit wil sê, die geïnspireerde skrywers van die Nuwe Testament het die geïnspireerde skrywers van die Ou Testament as ’n bron van outoriteit aangehaal. Jesus het self gesê, “ ‘Daar is geskrywe’ ” *(Matthéüs 4:4)*, wat beteken, “dit is in die Ou Testament geskrywe”; en Hy het ook gesê dat “ ‘die Skrifte moes vervul word’ ” *(Markus 14:49)* — en daardeur na die Skrifte van die Ou Testament verwys. En toe Jesus met die twee dissipels op die pad na Émmaüs gesels het, het Hy, in plaas van om ’n wonderwerk te doen om aan hulle te toon wie Hy was, “van Moses en al die profete af [begin] en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het” *(Lukas 24:27)*.

Of hulle direk uit die Ou Testament aangehaal het, of deur sinspeling, of deur verwysings na verhale of profesieë, die Nuwe Testamentiese outeurs het voortdurend die Ou Testament gebruik om hulle aansprake te steun, en selfs te regverdig.

En een van die boeke wat dikwels aangehaal was of na verwys was, was die boek Deuteronómium (saam met Psalms en Jesaja). Matthéüs, Markus, Lukas, Handelinge, Johannes, Romeine, Galásiërs, I en II Korinthiërs, Hebreërs, die pastorale sendbriewe, en Openbaring verwys almal terug na Deuteronómium.

Hierdie week gaan ons na ’n paar van daardie gevalle kyk om te sien watter waarheid, teenswoordige waarheid, ons daaruit kan put.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 18 Desember.*

"Daar is geskrywe"

Lees **Matthéüs 4:1–11. Hoe het Jesus op Satan se versoekinge in die woestyn gereageer, en watter belangrike les kan ons uit sy antwoorde leer?**

Jesus het nie met Satan gestry of geredeneer nie. Hy het doodeenvoudig Skrif aangehaal, want "die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard" *(Hebreërs 4:12)*. En elkekeer wat Hy die Woord aangehaal het, het Hy uit Deuteronómium aangehaal. Dis ook baie interessant dat Jesus, toe Hy in die woestyn was, gekies het om verse wat aan Israel in die woestyn gegee was, aan te haal.

Gedurende die eerste versoeking het Jesus na Deuteronómium 8:3 verwys. Moses het in hierdie skrifgedeelte antieke Israel daaraan herinner hoe die Here deur al daardie jare in die woestyn in hulle behoeftes voorsien het, wat ook die manna ingesluit het — en dit was alles deel van 'n louteringsproses, omdat die Here aan hulle geestelike lesse wou leer. En een van daardie lesse was dat " 'die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan' ". *God gee aan jou fisiese voedsel, maar Hy voorsien ook geestelike voedsel aan jou. Jy kan nie net die eerste, sonder die tweede, neem nie*. Jesus het die beeld van brood as 'n verwysingspunt na Deuteronómium gebruik, en om Satan en die twyfel wat hy in Jesus wou laat posvat, te berispe.

In die tweede versoeking het Jesus uit Deuteronómium 6:16 aangehaal waar Moses die volk aan hulle opstand by Massa herinner het *(lees Exodus 17:1–7)*. Hy het gesê: " 'Julle mag die HERE julle God nie versoek soos julle Hom by Massa versoek het nie.' " Die woord "versoek" kan "beproef" of "toets" beteken. Die Here het reeds aan hulle oor en oor sy krag en gewilligheid bewys om in hulle behoeftes te voorsien; tog, die oomblik toe daar probleme opgeduik het, het hulle uitgeroep — " 'Is die Here in ons midde of nie?' " *(Exodus 17:7)*. En dit was hierdie verhaal wat Jesus uit die Woord van God gebruik het om Satan te berispe.

In die derde versoeking het Satan probeer om Christus te kry om voor hom neer te buig en hom te aanbid. Wat 'n openlike en blatante openbaring van net wie hy werklik was en wat hy werklik wou gehad het! In plaas daarvan om met hom te redeneer, het Jesus Satan tereggewys deur weer uit die Woord van God, uit Deuteronómium, aan te haal, waar die Here sy volk gewaarsku het oor wat sou gebeur indien hulle afvallig sou word en ander gode sou aanbid. " 'Jy moet die Here jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer' " *(Deuteronómium 6:13)*, wat Hom en Hom alleen beteken.

Hoe kan ons leer om meer krag in ons lewens uit die studie van die Woord van God te put om sodoende die karakter van Jesus meer volledig te weerspieël en, soos Hy, Satan se versoekings te weerstaan?

"Nie gesigte ophef nie"

In Deuteronómium 10 het Moses (weer) Israel se geskiedenis oorvertel en (weer) daardie verslae gebruik om die volk te waarsku om getrou te bly. Te midde van daardie waarskuwing het Hy iets anders gesê.

Lees **Deuteronómium 10:17–19. Wat is die hoofboodskap aan die volk hier, en hoekom is hierdie boodskap op God se kerk vandag van toepassing?**

_____

_____

Die sinsdeel "wat die persoon nie aansien nie" kom van Hebreeuse beeldspraak of figuurlike taalgebruik; dit beteken letterlik dat Hy "nie gesigte ophef nie". Hierdie het blykbaar uit 'n regstoneel ontstaan waar die regter of koning na die gesig van die beskuldigde persoon gekyk het, en dan daarvolgens uitspraak gelewer het gebaseer op daardie persoon se status ('n belangrike persoon of iemand onbelangrik). Die waarheid hier in Deuteronómium is dat, ten spyte van sy groot krag en mag, die Here mense nie so behandel nie. Hy tree teenoor almal regverdig op, afgesien van hulle status. Hierdie waarheid was natuurlik in die lewe van Jesus te sien en hoe Hy selfs die mees veragte mense in die samelewing met respek behandel het.

Lees **Handelinge 10:34, Romeine 2:11, Galásiërs 2:6, Efésiërs 6:9, Kolossense 3:25, en I Petrus 1:17. Hoe maak hierdie teksvers van Deuteronómium 10:17 gebruik?**

_____

_____

Hoe ook al die omstandighede in elkeen van hierdie verwysings verskil (in Efésiërs sê Paulus aan slaafeienaars dat hulle versigtig moet wees hoe hulle hul slawe behandel; in Romeine praat Paulus oor die feit dat wanneer dit oor verlossing of veroordeling gaan, daar geen verskil tussen Jode en heidene is nie), verwys dit terug na Deuteronómium en na die gedagte dat God "nie gesigte ophef nie". En as die "God van die gode en die Here van die here, die grote God, magtig en ontsagwekkend" dit nie doen nie, dan moet ons dit sekerlik ook nie doen nie.

Ons kan 'n openbaring van die evangelie sien in soos wat Paulus in Romeine dit spesifiek gebruik: ons is almal gelyk, ongeag wie ons is met betrekking tot ons status. Ons is almal gevalle wesens wat God se reddende genade nodig het. En die goeie nuus is dat, afgesien van ons status, daar aan ons almal verlossing in Jesus Christus aangebied word.

Hoe dikwels, selfs subtiel, "hef ons gesigte op", en hoekom toon die kruis aan ons hoe sondig daardie gesindheid werklik is?

"Vervloek is elkeen wat aan 'n paal hang"

Lees **Galásiërs 3:1–14. Wat sê Paulus hier wat op ons vandag van toepassing is, en hoe gebruik hy Deuteronómium 27:26 en 21:22, 23 om sy punt te maak?**

_____

_____

Ongelukkig is dit 'n algemene gebruik in die Christendom om hierdie sendbrief as 'n tipe van regverdiging te gebruik om nie die wet, die Tien Gebooie, te onderhou nie. Natuurlik word hierdie argument eintlik as 'n rede gebruik om nie die vierde gebod na te kom nie, so asof die onderhouding van hierdie een gebod teenoor die ander nege op een of ander manier 'n uitdrukking van die wettiesheid is wat Paulus hier moes hanteer.

Maar, Paulus het hier nie teen die wet gepraat nie, en sekerlik kan niks in hierdie skrifgedeelte die oortreding van die Sabbatgebod regverdig nie. Die sleutel kan in Galásiërs 3:10 gevind word waar hy skryf: "almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek", en dit haal hy uit Deuteronómium 27:26 aan. Die twispunt gaan egter nie oor gehoorsaamheid aan die wet nie, maar "omdat daar op die wet vertrou word" — 'n moeilike toestand, indien nie 'n onmoontlike een vir gevalle wesens soos ons om in te wees nie.

Paulus se punt is dat ons nie deur die werke van die wet gered word nie, maar deur Christus se dood vir ons wat deur geloof aan ons toegereken word. Hy beklemtoon hier wat Christus by die kruis vir ons gedoen het. En om hierdie punt te maak, verwys hy weer terug na Deuteronómium, hierdie keer na Deuteronómium 21:23. Net soos Jesus sê Paulus, "daar is geskrywe," en bevestig daardeur die outoriteit van die Ou Testament. Hy haal dan uit 'n teksvers aan wat na iemand verwys wat die doodstraf verdien het en daarvoor tereggestel moes word deur aan 'n paal opgehang te word, en wat dalk as 'n afskrikmiddel vir ander mense moes dien.

Maar Paulus gebruik dit as 'n simbool vir Christus se plaasvervangende dood namens ons: Christus het 'n "vloek vir ons" geword deurdat Hy die vloek van die wet in die gesig moes kyk; d.w.s., die dood wat alle mense moet deurmaak omdat almal die wet oortree het. Die goeie nuus van die evangelie is egter dat die vloek wat ons toegekom het, syne by die kruis geword het, "dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang" *(Galásiërs 3:14)*.

Of soos Ellen G. White dit gesê het: "Niemand behalwe Christus kon die gevalle mensdom van die vloek van die wet verlos en hom weer tot eensgesindheid met die Hemel herstel nie. Christus sou die skuld en die skande van die sonde op Hom neem – sonde wat vir 'n heilige God so aanstootlik is dat dit die Vader en Sy Seun moet skei." — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 63.

Dink na oor wat jy sou moes deurmaak as jy regverdiglik gestraf sou word vir alles wat jy al verkeerd gedoen het. Daarom, omdat Christus die straf vir jou verkeerde dade self gedra het om jou daarvan vry te stel, hoe behoort jy op dit wat hy vir jou opgeoffer het, te reageer?

’n Profeet soos jy is

Die Here het Israel oor en oor gewaarsku om nie die gebruike van die nasies rondom hulle te volg nie. Inteendeel hulle moes getuies vir daardie nasies gewees het *(Deuteronómium 4:6–8)*. In Deuteronómium 18:9–14 waarsku Moses hulle oor hulle spesifieke gewoontes wat ’n “gruwel vir die Here” was *(Deuteronómium 18:12)*. In daardie konteks sê hy aan hulle: “Opreg moet jy wees met die Here jou God” *(Deuteronómium 18:13)*.

Lees **Deuteronómium 18:15–19. Wat sê Moses hier aan hulle? Vergelyk dit dan met Handelinge 3:22 en 7:37. Hoe word Deuteronómium 18:18 deur Petrus en Stéfanus toegepas?**

_____

_____

Met verwysing na die verbond by Sinai, verwys Moses terug na oor hoe die kinders van Israel, toe God die wet aan hulle gegee het *(Exodus 20:18–21)*, wou gehad het dat hy (Moses) as ’n middelaar tussen hulle en God moes optree, en net daar belowe hy hulle toe tweekeer *(Deuteronómium 18:15, 18)*, dat die Here ’n profeet net soos hy sou opwek, met die gedagte dat daardie profeet onder andere ook ’n middelaar tussen die volk en die Here sou wees.

Baie eeue later, haal Petrus en Stéfanus hierdie vers aan met verwysing na Jesus. Vir Petrus was Jesus die vervulling van dit wat “deur die mond van al sy heilige profete” gespreek was *(Handelinge 3:21)*, en dat die Joodse leiers Hom en wat Hy gesê het, moes gehoorsaam. Dit wil sê, Petrus gebruik hierdie teksvers waarmee die Jode bekend was, en pas dit direk op Jesus toe met die gedagte dat hulle berou moes toon vir wat hulle aan Hom gedoen het *(Handelinge 3:19)*.

Daarna, in Handelinge 7:37, waar Stéfanus in ’n verskillende konteks as Petrus s’n oor Jesus preek, gebruik hy ook hierdie bekende belofte en maak hy ook daarop aanspraak dat dit op Jesus dui. Hy sê dat Moses, in sy tyd van die geskiedenis as leier van die Jode, ’n prototipe of afbeelding van Jesus was. Dit wil sê, net soos Petrus, wou Stéfanus aan die volk toon dat Jesus die vervulling van profesie was en dat hulle na Hom moes luister. Inteenstelling met die klagte teen hom dat hulle hom “lasterlike dinge hoor praat [het] teen Moses en God” *(Handelinge 6:11)*, kondig Stéfanus aan dat Jesus die Messias is, ’n direkte vervulling van wat God deur Moses belowe het.

Hoe toon hierdie verse aan ons net hoe sentraal Jesus in die hele Bybel is, en hoekom alles wat ons van die Bybel verstaan, Christus-gesentreerd moet wees?

’n Skrikaanjaende ondervinding

Die boek Hebreërs, in al sy diepte en verhewendheid, is, op baie maniere, net een lang aanmoediging om die Joodse gelowiges in Jesus aan te spoor. En dit is: *Bly getrou aan die Here!*

Hierdie getrouheid moet natuurlik die gevolg van ons liefde vir God, vir sy karakter en sy goedheid wees, wat so kragtig by die kruis vertoon was. Soms moet die mense egter aan die verskriklike gevolge wat afdwaling meebring, herinner word. Dit wil sê, ons moet onthou dat, op die ou einde, indien ons nie aanvaar wat Jesus vir ons gedoen het deur die prys vir ons sondes te betaal het nie, ons daardie prys self sal moet betaal, en dit beteken ’n “geween en gekners van die tande” *(Matthéüs 22:13)* gevolg deur ewige uitwissing.

Lees **Hebreërs 10:28–31. Wat sê Paulus en hoe is dit ook op ons van toepassing?**

_____

_____

Dis so interessant dat, deur die Joodse gelowiges aan te moedig om getrou aan God te bly, Paulus Deuteronómium aanhaal, wat natuurlik ’n vroeëre vermaning aan die Joodse gelowiges (die Hebreërs) was om aan God getrou te bly! Paulus haal Deuteronómium 17:6 aan met betrekking tot die feit dat iemand wat skuldig bevind word en tot die dood veroordeel word, net doodgemaak kan word nadat ten minste twee getuies teen daardie persoon verklarings afgelê het.

Maar Paulus het dit gedoen om aan te dui dat indien ontrouheid onder die Ou Verbond tot die dood gelei het, hoeveel “swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?” *(Hebreërs 10:29)*. Met ander woorde, julle het meer lig en meer waarheid as wat hulle gehad het, en julle weet van die offer wat die Seun vir julle sondes gebring het; daarom, as julle afdwaal, sal julle veroordeling groter as hulle s’n sal wees.

Daarna verwys Paulus onmiddellik terug na Deuteronómium, na hoofstuk 32:35, net om sy argument te ondersteun. Met inagneming van wat aan hulle in Christus gegee was en hulle kennis van die groot voorsiening wat vir hulle gemaak was, sê die Here, “ ‘My kom die wraak toe,’ Die Here sal ’sy volk oordeel” omdat hulle afgedwaal het en ontrou was. Per slot van rekening, Hy het hulle voorvaders geoordeel wat nie gehad het wat hierdie Nuwe Testamentiese Jode het nie, naamlik die volle openbaring van God se liefde wat by die kruis geopenbaar was. Daarom het Paulus eintlik gesê: *Wees gewaarsku.*

“Die Here sal aan sy volk reg verskaf” *(Deuteronómium 32:36)***. Wat is ons enigste hoop in daardie regspraak** *(lees Romeine 8:1)***?**

Vir verdere studie: Net soos daar in die Ou Testament uit die Ou Testament self aangehaal word (d.w.s., sommige van die profete haal aan of verwys na, byvoorbeeld, verse uit die vyf boeke van Moses), is die Nuwe Testament vol van direkte aanhalings, verwysings na en sinspelings op die Ou Testament. Psalms, Jesaja, en Deuteronómium word omtrent die meeste aangehaal. Dikwels haal die Nuwe Testamentiese outeurs ook uit die Septuagint (LXX) aan, wat soms ook die "Griekse Ou Testament" genoem word, en wat as die vroegste Griekse vertaling van die Hebreeuse Bybel bekendstaan. Die eerste vyf boeke van die Bybel wat as die Tora of die Pentateug bekendstaan, was in die derde eeu v.C. vertaal, en die res van die Ou Testament ongeveer in die tweede eeu v.C.

Daar kan ook baie geleer word oor hoe om die Bybel te verstaan deur op te let hoe die geïnspireerde skrywers van die Nuwe Testament die Ou Testament aangehaal het. En een van die eerste lesse wat ons kan leer, is dat, anders as so baie Bybelgeleerdes vandag, die Nuwe Testamentiese outeurs nooit enige vrae oor die geloofwaardigheid of outoriteit van die Ou Testamentiese boeke geopper het nie. Niks in hulle geskrifte openbaar byvoorbeeld twyfel oor die historiese egtheid van die Ou Testamentiese verhale nie, van die bestaan van Adam en Eva, die sondeval, die vloed, tot die roeping van Abraham, ens., nie. Die "geleerdes" wat hierdie dinge bevraagteken, dui op menslike skeptisisme, en behoort geen plek in die harte en gedagtes van Sewendedag-Adventiste te hê nie.

Vrae vir bespreking:

❶ Met inagneming van al die lig wat ons as Sewendedag-Adventiste ontvang het, wat behoort dit ons te leer oor die groot verantwoordelikheid wat ons het om getrou aan die waarhede wat aan ons gegee is, te bly?

❷ Lees Deuteronómium 18:9–14 weer. Watter moderne manifestasies van hierdie "gruwels vir die HERE" bestaan vandag, en hoe kan ons seker maak dat ons dit vermy?

❸ Hoekom, van alle mense, moet Christene wat die universele toepassing van Christus se dood op die kruis verstaan, nooit "gesigte ophef nie" (kyk na Maandag se studie)? Hoe kan ons in onsself hierdie neiging bespeur (en bedrieg ons nie onsself as ons ontken dat daar nie een of ander neiging in ons is om juis dit te doen nie?). Hoe kan die kruis en om die kruis voor oë te hou, ons van hierdie verkeerde gesindheid genees?